**Verklaar ‘n Leergeskil teen die Algemene Sinode se besluit van 2019 oor Selfdegeslagverhoudings.**

Neem ’n duidelike besluit om 2019 se besluite in geheel te verwerp.

Waarom? Want die besluit van 2019 is onwettig en ongeldig:

**1. Want dit is direk in stryd met die Woord van God**.

- By implikasie gee die sinode nou amptelike goedkeuring aan seksuele verhoudings tussen twee persone van dieselfde geslag wat volgens die Bybel vir die Here ’n gruwelike sonde is. (Gen. 19:5-7; Lev. 18:22; Lev. 20:!3; Rigters 10:22; Rom 1:27; 1 Kor. 6:9-10; 1 Tim 1:9-10; Matt. 19:4-6) **Hieroor debatteer ons by hierdie vergadering nie verder nie omdat die Bybel dit helder en duidelik leer.**
- Geen kerkvergadering het die reg om enige besluit te neem wat in stryd met die Bybel is nie.
  **Art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis** “*Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God;...*”

**2. Want dit was op ’n onkerkordelike wyse geneem.**

Daar is verskeie redes waarom die besluit kerkordelik onwettig is soos bv.

- Die sinode was mislei oor die werklike oorsprong van die beskrywingspunt
- Die besluit is gefinaliseer welwetend dat dit baie omstrede is. Sien Art 3 punt 4.2 van 2015 se Kerkorde. Dit is ’n ooreenkoms wat lank reeds in die kerk geld.
- Die sinode het ten spyte uitdruklike versoeke uit die vergadering in 2015 en weer in 2019 geweier om die ooreenkoms gestand te hou.

**3. Want dit is ook in stryd met die siviele reg nl. Wet 17 van 2006. (Civil Union Act) (Die Wet op Burgerlike verbintenisse).**

- Predikante mag nou wel burgerlike verbintenisse tussen twee persone van dieselfde geslag bevestig aan die hand van die ***Civil Union Act – Wet 17 van 2006***. Maar dan mag dit glo net nie ’n huwelik of alternatief vir die huwelik genoem word nie.
- Volgens die Civil Union Act is so ’n verbintenis egter reeds in alle opsigte gelyk aan ’n huwelik en kan die persone wat so volgens hierdie wet bevestig word **self besluit of hulle dit ‘n huwelik of ’n burgerlike verbintenis wil noem**. Die Sinode het nie reg om die landswet te wysig nie. So word lidmate gruwelik mislei.

**4. Want dit projekteer ’n valse beeld van die meerderheid kerklidmate se geloof.**

- Die Algemene Sinode se besluite word wêreldwyd bekend as die amptelike standpunt van die NG Kerk. Indien die Algemene Sinode dus besluite e as NG beleid verkondig, welwetend dat dit nie eers naastenby die geloof van meeste van sy lidmate verteenwoordig nie, is die besluite moreel onwettig. Die Sinode het geweier om haar eie besluit hieronder na te kom.

- **Reglement 3 punt 4.2**

  *Indien die Algemene Sinode goeie rede het om te vermoed dat 'n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid kan lei, moet die Sinode vóór die finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderings inwin ten einde konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te probeer verkry.*

**5. Want die besluit is baie liefdeloos teenoor die gay gemeenskap.**

- Die Bybel leer ons dat homoseksuele dade ergerlike sonde is waarvan ons (soos met alle ander sondes ook) **vergifnis kan kry deur berou en bekering**. Deurdat die Algemene Sinode hierdie sondige gedrag kondoneer en selfs die kerklike seën daarop plaas, handel die sinode **baie liefdeloos**.

- Die ganse homoseksuele gemeenskap word deur die sinode se besluite getroos dat berou en bekering oor nie nodig is nie, want die NG Kerk se seën rus op hulle sonde. So word hulle dan beroof van die genadige aanbod van vergifnis, reiniging en bevryding van die sonde. Hulle word geleer om te glo dat hul sondes vir die Here mooi en goed is.

  Jes. 5:20 *Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter.*

**6. Amptelike Leergeskil met die Algemene Sinode (Art 44.3 en 44.4)**

- Ons moedig soveel moontlik kerkvergaderinge (kerkrade, Ringe en sinodes) aan om 'n amptelike dispuut met die AS te verklaar rondom die omstrede 2019 besluite .
- Al die vergaderings wat dispuut verklaar het, eis dan dat die ASM ooreenkomstig Reglement 3 punt 2.1 binne 30 dae 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeen roep om die dispuut te besleg.

  *2.1 Die moderamen van die Algemene Sinode (ASM) het die reg om 'n buitengewone sinode byeen te roep met skriftelike kennisgewing van vier weke aan al die samestellende sinodes en mag in onvoorsiene omstandighede die sinode uit stel*

- Indien dit nie by die buitengewone vergadering van die AS suksesvol besleg word nie, word 'n verdere beroep gedoen op al die streeksinodes afsonderlik. Sien Artikel 44.4 en 44.5.

  **Artikel 44.**

  *44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeer-derheidsbesluit vir die bekragtiging*

*van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die Kerkorde).*

*44.5 Indien 'n tweederdemeerder-heid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.*